Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 14 Feb 2018
Page: 8

AVE: 25871.80
Circulation: 45000
Part: 1 of 1



Noord Metro Sport



Mornay Smith van UP-Tuks Maandag in aksie in die Varsitybeker-wedstryd teen die Maties in Stellenbosch. Foto: JACO MARAIS

# UP-Tuks kort meer afronding

Morris Gilbert

In rugby is durf en karakter nie altyd genoeg om 'n oorwinning te verseker nie.

Dit is hoe UP-Tuks sal terugdink aan hul beste vertoning van 2018 se Varsitybeker-reeks, wat eergisteraand in 'n stampvol Danie Craven-stadion in Stellenbosch steeds 'n derde agtereenvolgende nederlaag as ironiese beloning gehad het.

UP-Tuks is ná die verloor teen die Maties (16-24) in die moeilikheid op die puntelys.

Die verdedigende kampioen het trouens na die laaste plek teruggesak nadat CUT in Bloemfontein sy eerste Varsitybeker-sege nóg behaal het. Die Ixias het NMU met 38-37 geklop.

Anders as in die wedstryde teen Shimlas en Wits, het UP-Tuks se vertoning teen die pasaangeër in die reeks baie moed gegee vir die oorblywende vyf wedstryde in die ligafase.

Daar is steeds baie druk op die Pretorianers, want met die oog op 'n plek in die halfeindronde dit nie langer op eie stoom sal kan maak as hulle 'n vierde nederlaag ly nie.

> Durf en karakter is nie altyd genoeg nie.

'n Oorwinning teen die Ikeys op 26 Februarie in Kaapstad lyk egter soveel meer haalbaar ná die wyse waarop UP-Tuks tekortkominge in die Matie-mondering ontbloot het. UP-Tuks het ondanks kommer dat hulle soos die spreekwoordelike lammers ter slagting gaan wees, vriend en vyand verras deur nie 'n duit vir die tuisspan terug te staan nie.

Die besoekers het met rustyd nog hul neus voor gehad en het met dié soort passie, trots en durf gespeel wat eie aan die ryke tradisie van Tuks-rugby is.

Ja, UP-Tuks het nie gewen en dit is die een belangrike kopskuif wat die span teen die Ikeys sal moet maak.

Nes wen, kan verloor ook 'n gewoonte raak. In die Tukskamp word gevoel dat die span ten opsigte van inklimrugby en flair in dieselfde asem as die Maties genoem kan word en dié geloof kan tot 'n nog beter vertoning teen die Ikeys lei.

Tot watter mate UP-Tuks se ingesteldheid dié keer baie meer klinies ingestel was, kon ten beste in hul stewige verdediging gesien word, wat Maties so effektief aan bande gelê het dat hulle die eerste keer in drie seges nie vier drieë vir 'n bonuspunt kon druk nie.

UP-Tuks se afronding en dissipline sal egter moet verbeter.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.